Sondag **1 September**

**Skrifgedeelte: Genesis 15:1-21**

**Fokusgedeelte: Genesis 15:5; Jesaja 40:6-8**

**God gee aan ons duidelike bewyse van sy genade**

Abram as gelowige het soms getwyfel aan die beloftes van ons Here. Die Here het hom egter die versekering gegee dat hy nie daaraan hoef te twyfel nie deur aan hom te sê: “Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees.”

Twee keer maak die Here dieselfde feit dus aan Abram duidelik. Twee keer bevestig die Here sy Woord met tekens – die eerste keer wys die Here vir Abram op die sand van die see en hier in ons gelese gedeelte op die sterre in die hemel.

Met die beeld van die sterre het die Here dit aan Abram duidelik gemaak dat dit om meer as net sy klein probleem gaan. Dit gaan altyd allereers oor God en sy plan vir die wêreld. Die groot nageslag wat God daarom ook later wel aan Abram gegee het, was nie in die eerste plek ter wille van Abram nie, nee, dit was ter wille van God se plan. Dit was omdat God Abram se nageslag uitgekies het. Hy het sy nageslag uitgekies, nie net sodat hulle vir Hom ’n volk kon wees nie, maar ook sodat sy Seun uit hierdie volk gebore kon word.

Deurdat God vir Abram na die sterre laat kyk het, het Hy hom in sy geloof versterk. So kan ons ook maar, wanneer ons twyfel in ons geloof of wanneer ons twyfel in die Here se sorg, kyk na sy skepping. Ons kan kyk na die feit dat die son vandag opgekom het en ons kan kyk na die sterre in die hemelruim, want daarin leer die Here ons dat Hy almagtig en getrou is; dat Hy ons nooit sal begewe of sal verlaat nie, want Hy hou altyd sy beloftes.

*Sing: Psalm 8-1:1, 3*

*Ds. JN (Josef) Hibbert (Pietersburg-Noord)*